# ONS NUUSBRIEF

## GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

22 FEBRUARIE 2026 Nr 08

| | | | |
|---|---|---|---|
| Predikant: | *Ds Kobus Botha* 051 436 2930/082 410 7447 | Skriba/ Koster: | *Pieter du Plessis* 082 570 1804 |
| Orrelis: | *Louri Coetzee* 083 776 6989 | Kerkkantoor: | Telefoonnommer: 051 436 2932 |
| | | Kantoorure: | Per afspraak |
| Diakonie: | Voorsitter: *Muller Heyns* 072 469 7778 | Posadres: | Posbus 28182, DANHOF 9310 |
| | | E-posadres | kantoor@gkbfnnoord.co.za |
| Susters: | Voorsitter: *Ester Botha* 072 784 9451 | Webwerf: | www.gkbfnnoord.co.za |
| | | Facebook: | https://web.facebook.com/gkbfnnoord |
| Katkisasie: | *Karien van Rooyen* 079 888 8910 | Kassier: | *Mariza Mosca* 082 405 8565 |
| Lesotho Uitreik/ Evangelisasie: | *Kerkkantoor* 082 570 1804 | Bank Kerk: | ABSA (632005) Tjekrekeningno 1570 340 065 |
| | | Bank Diakonie: | ABSA (632005) Tjekrekeningno 0470 280 026 |
| | | Zapper-kode vir kerklike bydraes: | |

### VERJAARSDAE

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

| | | | |
|---|---|---|---|
| 22 Feb: GJ Jordaan | 076 834 4604 | 25 Feb: Sr Janette de Waal | 082 698 2866 |
| 23 Feb: Pieter Smits | 072 482 3280 | 25 Feb: Sr Magdaleen Venter | 082 454 8906 |
| 24 Feb: Br SJ le Roux | 083 522 9130 | 26 Feb: Dianike de Beer | 072 682 2425 |
| 25 Feb: Anzelle Patterson | 083 500 7136 | 27 Feb: Br Charles du Preez | 083 427 7896 |

## KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se ***Kas van Barmhartigheid*** terwyl die deurkollekte bestem is vir die GKSA se ***Sustentasiefonds.***

## TEEBEDIENING

Terwyl die katkisasieklasse vir die voorskoolse en laerskool-kinders en die Gr 8 leerders aan die gang is, sal daar weer teebediening in die *Wikus Vorster Saal* wees waarheen almal van harte uitgenooi word. Dit is die beurt van wyk ***Rayton*** en ons bedank almal wat daarmee behulpsaam gaan wees. Volgende Sondag sal wyk ***Santé*** aan die beurt kom.

## GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere [1]gemeenskap van gelowiges en [2]diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

**Gemeentebou aksies:**

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
   a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om 'n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes): Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes): Nerina Venter – 082 884 4465*
   a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
   a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.

6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
   a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
   b. Daar is geleentheid om 'n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en 'n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

***Pitkos***

*Josua 10 – Oorwinning oor vyf Amoritiese konings – lees gerus die hoofstuk.*

God het Israel vir jare deur die woestyn gelei en selfs in die beloofde land hulle 'n paar lesse geleer en terugslae laat beleef – alles ter voorbereiding van wat op hulle wag. God is altyd getrou aan Sy beloftes. Israel moet die beloofde land verower deur oorlog te voer teen die inwoners. Die feit dat Josua vyf konings in een veldtog kon oorwin is ongewoon. God het hulle gedissiplineer, voorberei, en bowenal was Hy met hulle.

God het 'n plan met elkeen van ons se lewens. Ons moet naby aan God leef om te verstaan wat Sy plan met ons is. Hy berei ons voor. Ons moet net luister en Sy opdrag aan ons uitvoer.

## LIDMAATREGISTER

- Opgeneem in die gemeenskap van die Gereformeerde Kerke vanuit die NG Kerk: ***br Cornel en sr Elmarie Strydom*** van Frans Rumpffstraat 28. Hulle woon reeds al 'n geruime tyd die eredienste by en is dit vir ons aangenaam om hulle nou amptelik in die gemeente te verwelkom. Ons vertrou dat hulle baie gelukkig hier sal wees!
- Gemeenskap met die Gereformeerde Kerke opgesê: ***br Pieter en sr Ezette Fouché*** en twee dooplidmate, ***Miané en Paul***, van Kleinhansweg 12.

## ONS DINK AAN...

- ***Sr Estelle Sans*** van die plaas Schaanskraal wat 'n knie-vervangingsoperasie ondergaan het.
- ***Diak Martie Olivier*** van De Kockstraat 4 wat in die komende weke behandeling gaan ontvang.
- ***Sr Annet Knoester*** van Carel van Pletzenlaan 7 wat in die hospitaal opgeneem is vir behandeling.
- ***Br Martin Coetzee*** van Jan Marxstraat 25 wat in Hillandale Hospitaal opgeneem is vir rehabilitasie.

Ons bede is dat hierdie lidmate en hulle geliefdes elke dag die nabyheid van die Here sal ervaar en wens hulle 'n spoedige herstel toe!

## ROLBALDAG

Ons wil graag die *Gemeente-funksiekommissie*, in besonder ***oudle Louis en Francois van Niekerk***, van harte bedank vir die baie suksesvolle Rolbaldag wat op die 31ste Januarie plaasgevind het. Meer as 100 lidmate en hulle vriende het die dag terdeë geniet. Nie alleen is daar lekker saam gekuier nie, maar is bykans R14 000.00 ingesamel nadat die uitgawes afgetrek is! Op die koop toe is 'n mobiele luidspreker met 'n mikrofoon, wat 'n aansienlike bedrag kos, deur 'n anonieme weldoener aan die kerk geskenk. Almal wat gehelp het om 'n sukses van die dag te maak, kan verseker wees van ons grootste dank en waardering!

## INSAMELING VAN PLASTIEK PROPPIES

***Sr Machteld du Plessis*** is die koördineerder van hierdie projek wat ten doel het om fondse in te samel vir *Lettie Fouché Skool*. Vir enige navrae kan sr Machteld by 073 251 9286 gekontak word.

## KERKLIKE ADMINISTRASIE

*Beroep bedank*:
- Ds MH (Marco) le Roux van GK Reitz/Lindley na GK Witrivier.

## BELANGRIKE DATUMS IN DIE EERSTE KWARTAAL

| | |
|---|---|
| Sondag ***08 Maart*** | Voorbereidingsdiens<br>Ouderlinge en Diakonie vergader<br>Katkisasie vir Laerskoolkinders sluit af |
| Woensdag ***11 Maart*** | Katkisasie vir Gr 9&10 en Belydenisklas sluit af |
| Sondag ***15 Maart*** | NAGMAAL en Gemeente-ete |
| Saterdag ***21 Maart*** | Menseregtedag |
| Sondag ***22 Maart*** | Nabetragtingsdiens |
| Vrydag ***27 Maart*** | Skole sluit |

DIAKONIE
HELP MET
VERVOER

Vir enige kerk-verwante geleenthede en indien jy hulp benodig.



Indien jy enige probleme met vervoer ervaar, kontak asb Muller Heyns op 072 469 7778.

KLERE
DONASIES

Enige donasies word verwelkom en kan Sondae by die kerk se voorportaal afgelaai word.



BLOEMFONTEIN NOORD GEREFORMEERDE KERK DIAKONIE
IN SAMEWERKING MET ANCHOR OF HOPE

Enige navrae:
Elize Heyns 082 868 1620

### LITURGIE TYDENS EREDIENS

Skriflesing : Lukas 13:1-9
Teks : Lukas 13:6-9
Sang : Lb 201:1,2,3
: Ps 48:4,5
: Sb 8-1:1,2
: Sb 7-2:1,2
: Sb 18-7:1,9,12

### GEDAGTE VIR DIE WEEK

Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.

Hebreërs 11:1







Geldelike bydraes kan deur middel van die volgende skakel inbetaal word: https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum




https://forms.gle/vYe33tgCNbjA1ekc6

# VERSOEK VANAF DDS INSAKE NOOD IN DIE LANDBOUSEKTOR

Die volgende versoek is vanaf die ***Deputate Diakonale Sake (DDS)*** ontvang:

*Soos u deeglik bewus is verkeer die landbousektor, en spesifiek ons boere, onder geweldige druk. Die landbou is al vir etlike jare onder druk a.g.v. hoë insetkostes, swak pryse, 'n gebrek aan volhoubare uitvoermarkte, ongunstige weerstoestande asook die bek-en-klouseer uitbraak reg oor Suid-Afrika.*

*Die groot uitdaging waarmee boere gekonfronteer word is 'n gebrek aan kontantvloei. As 'n boer bv. nie sy melk of speenkalwers kan verkoop nie is daar nie geld om ander dringende en nodige verpligtinge na te kom nie. Een van hierdie verpligtinge wat onder andere nagekom moet word is om toe te sien dat hulle kinders se skoolfonds en koshuisgeld betaal word.*

*Die DDS se diensgroep vir Noodtoestande het, nadat daar met verskeie rolspelers in die landbousektor gepraat is, dit goed gedink om 'n fonds op die been te roep wat ten doel het om, deur die plaaslike diakonie, boere met hierdie verpligting van skoolfonds en koshuisgeld by te staan. Ons bede is dat hierdie hulp boere in nood kan help sodat daar een minder ding is om oor te bekommer - hoe gering dit ook al mag wees.*

*Daarom neem ons die vrymoedigheid om die volgende versoek in u midde te lê:*

1. *Dat u in u gebede die boere en hulle gesinne aan die troue sorg van ons hemelse Vader sal opdra.*
2. *Dat gemeentes en individue dit sterk sal oorweeg om vir hierdie fonds by te dra.*
3. *Dat diakonieë die vrymoedigheid sal neem om met DDS kontak te maak as ons hulle in hierdie nood kan bystaan.*

*Sou daar enige verdere navrae wees is u welkom om met DDS se skakeldeputaat, Sr. Anri Kotzee, kontak te maak deur 'n epos te stuur na sdds@gksa.co.za.*

051 553 0086

kantoor1.pkk@gmail.com

NPO 002-767

President Kruger Kinderhuis Reddersburg

Ons gee om

# PRESIDENT KRUGER KINDERHUIS

# VAKANTE VERSORGER POS

| Posbeskrywing | Kinderhuis Versorger |
|---|---|
| Vereistes | • Matriek of soortgelyke kwalifikasies.<br>• Sterk aanvoeling vir kinders en kinders met spesiale behoeftes<br>• Goeie menseverhoudings kan handhaaf.<br>• Bereid om in spanverband te werk.<br>• Energiek en lewenslustig<br>• Bestuurslisensie |
| Dokumentasie | • Gesertifiseerde afskrif van matrieksertifikaat.<br>• Gesertifiseerde afskrif van ID<br>• Gesertifiseerde afskrif van bestuurslisensie<br>• Kwalifikasies<br>• Volledige CV |
| Sluitingsdatum | 28 Februarie 2026 |
| Aanvangsdatum | Sal bespreek word |
| Kinderhuis adres en kontakbesonderhede:<br><br>(Aansoeke per hand of e-pos) | Van Riebeeck straat 2, Reddersburg, 9904<br>(051) – 553 0086<br><br>ElandriV@reddersburgkinderhuis.co.za |

*Die kinderhuis behou die reg om aanstellings te maak.